Sonder vrou is man sonder siel

KAAPSTAD. Om 'n boek persklaar te maak kan nogal senutergend wees, veral as die taalkundiges kundig is en die skrywer koppig. Maar wanneer 'n boek uiteindelik klaar is, behoort skrywers toegelaat te word om agter 'n bos te gaan wegkruip totdat al die skades en skandes en prysinge verby is. Die probleem is net dat jy agter die bos uitgehaal word, het Dalene Matthee gesê by die bekendstelling van haar nuwe roman, Susters van Eva, in De Oude Welgemoed Restaurant in Welgemoed.

Sy sê die vier jaar wat dit geduur het om Susters van Eva bymekaar te maak en te skryf, was die tyd in haar lewe waarin sy die meeste geleer het. ''Toe ek hierdie taak, om oor die vrou te skryf, aanpak, is ek Londen toe om professionele hulp te kry. Die vroue-sielkundige wat my gehelp het, het gesê: 'As jy met die vrou wil werk, sal jy met die man ook moet werk'. Sy het vir my die beste werke oor mans, deur mans geskryf, van die boekwinkelrakke gehaal. Sexual animosity between men and women, Fathers and Mothers, Discovering men, ens.''

''Maar sy het bygevoeg: 'Geen man, nie eers in hierdie boeke, sal jou ooit sy volle waarheid sê nie. Want selfs dít is deel van die man se vrees vir die vrou, dat sy sy krag van hom sal wegneem en van hom 'n swakkeling maak'.

''Dis vandag nog net so waar as in Simson se tyd,'' sê Dalene. Die man se bewustelike of onbewustelike vrees vir die vrou is verantwoordelik vir die ontsaglik baie wreedhede teenoor vroue en die onderdrukking van vroue. En om te illustreer hoe sterk die vrou die wind deur die eeue heen van die voorkant gekry het, het sy 'n paar voorbeelde aangehaal: Mohammed het gesê toe Eva geskape is, het die duiwel gejuig. St. Hieronymus, stigter van die Katolieke Kerk, het gesê die vrou is niemand minder as die werklike Satan nie; sy's die vyand van vrede en 'n ewig tweedragsaaier. St. Augustinus het gesê: Sy's 'n tempel wat oor 'n rioolsloot gebou is. Plato het gewonder of vroue mense is, of hulle nie dalk as diere geklassifiseer moes word nie. Aristoteles het voorgestel dat babadogters ''gebeur'' wanneer daar ernstige gesondheidsprobleme gedurende swangerskap ondervind word anders sou dit 'n seun gewees het. Sagarias het gesê sy's die goddeloosheid. Calvyn het gesê sy's 'n gevaar vir die man, sy's vuil en bandeloos. Die enigste uitsondering was koningin Elizabeth I van Engeland, 'n heilige vrou. ''Sielkundiges meen die grootste oorlog wat nog steeds op die aarde woed en aan die toeneem is, is dié tussen Man en Vrou,'' sê Dalene.

''Jung het in sy leeftyd gewaarsku dat dit katastrofale gevolge sal hê omdat dit 'n oorlog is wat veral in die harte van mense woed en oorlog in die hart is net so verpletterend as enige ander oorlog.''

Maar Susters van Eva nie 'n sielkundige handboek nie, sê sy. ''Allermins. Maar net so min soos ek met die bobbejane in die boek op hoorsê kon werk sonder om 'n studie oor primate te doen, kon ek met die vier vroue in die boek werk sonder om eerstens kennis te soek en tweedens in my eie woestyn te dolwe.

''Wat die bobbejane betref, het dit my sowat ses maande in die veld geneem om tot die besef te kom dat ek na bobbejane kyk en oulike mensies in bobbejaankostuums sien. Eers toe ek die mensies uit die kostuums haal, het ek die hoogs intelligente diere ontdek.

''Eers toe ek die vrou van haar sogenaamde historiese en moderne kostuums gestroop het, het ek die oervrou, die kern van 'n ongelooflike wese, herontdek. Toe kon ek begin skryf.''

As daar een oortuiging by haar ingeslaan het, is dit dat die heelmaak van die aarde in vroue, die susters van Eva, opgesluit lê omdat daar iewers 'n interessante patroon loop: ''Hoe stukkender

die vrou, hoe stukkender die aarde en die aarde, moenie vergeet nie, is ook vrou. Dis Moeder Aarde.

''Aan die een kant van die skaal is die beeld van die vrou besig om laer te sak as ooit, want nog nooit het sy haarself so misbruik soos nou nie. Nog nooit is sy deur ander so misbruik nie. Die gewone man is besig om vir ons bang te raak, kwaad te word, want ons brou omdat ons vergeet het wie en wat ons is.

''Gelukkig sak 'n skaal nooit aan die een kant sonder dat die ander kant styg nie. En dis hierdie stygende kant wat besig is om stilletjies die draaipunt vir die vrou te word. Skielik is daar die ligdraer-vroue soos Clarissa Pinkola Estés, Barbarah Hanna, Ester M. Harding, Castillejo en dosyne meer wat kom sê: dít is die kennis oor onsself wat ons ontbreek. Om perfek te probeer wees, is vir die vrou fataal. Sy hoef slegs te probeer om heel te wees.

''Jung het in sy laat jare gesê daar bestaan by hom nie twyfel dat die vrou in kontak is met 'n bron van inligting waarvoor die man nie ore en oë het nie. Hy noem die skakel tussen haar en hierdie bron intuïsie. Sonder die vrou, sê Jung, is die man sonder siel.''

BRON: Die Burger 19 Oktober 1995